

24 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 41 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 41:12

Oordeel in wysheid

Ons almal het dit al beleef, dat een mens hom/haar verlekter in die seerkry en in die nood van 'n ander.

Nee, sê Dawid, *Welgeluksalig is hy wat ag gee op die arme; die Here sal hom red in die dag van onheil*. Ons sou dit ook kon vertaal: *Welgeluksalig is hy wat met wysheid oor die arme oordeel*.

Ons moet versigtig wees in die beoordeling van ander mense se nood, waarin hulle verkeer. Calvyn het dit mooi saamgevat en gesê: hierdie is 'n fout wat gans te veel onder mense voorkom. Die dwaling dat ons na ander mense se nood of ons eie nood kyk as God se straf wat op hulle rus. Onbewustelik vat ons mense se algemene welstand en maak dit die basis van beoordeling. Asof God se genade en liefde deur sulke dinge bepaal moet word.

So 'n beoordeling van mense wat in nood verkeer of wat voorspoed geniet, is nie 'n oordeel wat in wysheid geneem is nie. Daaruit word mense se geneigdheid om te juig oor die nood van 'n ander gebore, waarvan ons in vers 12 hoor.

Dit terwyl die Skrif ons duidelik leer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie, maar uit God se Vaderhand toekom. Dat ons in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees en vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader kan stel.

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds MJ Erasmus (Pretoria-Wonderboom-Suid)